

11 April - GAAN

Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20
Fokusgedeelte: Matteus 28:19, 20

Dit is die groot “gaan” vir die kerk. Moenie stilsit nie, moenie lui wees nie, moenie net na jouself kyk nie. Nee, gaan, want daarbuite is ’n wêreld wat die evangelie nie ken nie. Hulle is vasgevang in sonde, onkunde en in die donkerheid van boosheid. Kom in beweging, want die kerk is my gestuurdes, my boodskappers, my gesante in hierdie wêreld.

Dit is die opdrag van Jesus, die koning van die kerk. Ons bely dit in ons belydenis – ons is ’n apostoliese kerk, ’n gestuurde kerk.

Om die wêreld in te gaan, is nie maklik nie. Elders sê Jesus dat Hy sy kerk soos skape onder die wolwe instuur en dat hulle teëstand gaan ervaar (Matt 10:16-25). Die uitvoering van die opdrag van Jesus aan die kerk is ook nie ’n maklike taak nie. Kyk wyd, want jy gaan na al die nasies toe. Soms moet jy opoffer om die saad van die Woord wyer as jou omgewing en land uit te dra.

Die saaiwerk van die kerk is nie maar net bolangse ploegwerk nie. Nee, jy moet diep en deeglik saai en natmaak, want: “Maak hulle my dissipels!” Laat hulle die teken van die doop met opregtheid dra en laat hulle diep in die leringe van die Here wortel skiet.

Soms voel jy skaam en klein en bang vir hierdie uitgaanwerk. Daarom word hierdie opdrag van die Here aan sy kerk met heerlike troos en versekering omraam. Hy verseker ons van sy groot krag: “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde.”

Die Here belowe ook dat Hy met ons elkeen sal wees. Ons doen dus die uitgaan-getuigenis nie met swakke, menslike krag nie, maar in die krag van die Here.

Hoe uitdagend en opwindend om die liefde van Jesus Christus na buite te laat skitter! Ons is die saaiers, maar Hy skenk die geleentheid en die groeikrag. Nooit is ons alleen nie.

Sing: Skrifberyming 7-1:1 en 2

Dr SJ van der Walt (Bloemfontein-Suid)